MENSWEES AS 'N REIS NA HEELWORDING
- Enkele gedagtes -

DIE TERAPIE VAN HOOP

Jesus vestig ons aandag daarop dat elke dag van ons lewe sy eie porsie van moeite, probleme en gebrokenheid oplewer (Matt 6:34). Daarom het ons hoop so nodig. Is daar hoop vir iemand wat daagliks verwond word deur enige vorm van teleurstelling, gebrokenheid of verlies, hoe groot of hoe klein ook al? Sommige verwondinge word al uit die kinderjare saamgedra en het moontlik persoonlikheids- of verhoudingsinfeksie veroorsaak. Hoop gee sin en betekenis daaraan. Hoop gee motivering om aan te hou en uit te hou ondanks teenslae en struikelblokke. Hoop is nie 'n emosie nie, maar 'n lewenshouding wat jou koersgerig en stabiel laat volhard in die regte rigting ondanks swaarkry. Hoop gee aan jou "staying power". Hoop is 'n verwysingsraamwerk van waaruit jy na gebroke omstandighede kyk en wat jou help om pynlike verliese in die oog te kan kyk, te verwerk, die wins daaruit te haal en sonder negatiewe bagasie jou mensweesreis voort te sit en jou skeppingsdoel te bereik. Hoop is nie 'n passiewe wens wat jy onseker koester dat dit dalk weer sal goed gaan met jou na tye wat swaarkry en verlies jou besoek het nie. Hoop is iets wat jy aktief leer doen te midde van teleustelling, seer en skok. Sonder verwonding en gebrokenheid sal geen hoop en vooruitsig dus kan bestaan nie. Hoop doen helingswerk waar daar seer en swaar is, waar daar verontregting en verlies is. Die volgende perspektiewe bou onder andere 'n nuwe interpretasieraamwerk in jou brein en lei tot 'n hoopvolle nuwe seisoen van lewe.

SELFS GESONDE MENSE IS VERWOND

Jesus sien elke mens wat gebore word as 'n verwonde mens (Matt 9:36). Hy gebruik drie beelde om die toestand van menswees op aarde te beskryf: iemand uit wie 'n roofvis groot happe gebyt het, iemand wat neergevel is op die grond en nie kan opstaan nie en 'n alleenloper-onversorgde en rigtinglose skaap. Hy noem vewonde mense die ryp oes op die lande wat Hy kom oes het. Hy benodig dringend mede-arbeiders (sy volgelinge) in die oeswerk en bid dat God hulle letterlik sal uitforseer/inslinger in die oesland van verwonde mense. Ons menswees-roeping as Christene is dus om almal wounded healers te wees ongeag ons ouderdom, agtergrond en beroep:

> *"Since it is your task to make visible the first vestiges of liberation for others, you must bind your own wounds carefully in anticipation of the moment when you will be needed. You are called to be a wounded healer, the one who must look after his own wounds but at the same time be prepared to heal the wounds of others. A deep understanding of your own pain makes it possible for you to convert your weakness into strength and to offer your own experience as a source of healing to those who are often lost in the darkness of their own misunderstood sufferings. Making one's own wounds a source of healing call for a constant willingness to see one's own pain and suffering rising from the depth of the human condition which all men share."*
> *(Henri Nouwen)*

BEREIK JOU SKEPPINGSDOEL DEUR VERHOUDINGSGENESING TE KRY

Die kernbetekenis van die woord "saligheid" het te doen met genesing. Dit gaan nie bloot oor fisiese genesing nie, maar oor menswees-genesing. Dis die heelmaking van wonde wat lewenslank sedert geboorte in die proses van menswees op 'n gebroke en verbygaande aarde opgedoen word. Dit gaan om die herstel van volle menswees in vier basiese verhoudinge van die lewe na God se oorspronlike bedoeling. Daarom kan ook gepraat word van verhoudingsgenesing. Hierdie transformasie in menswees is 'n daaglikse proses totdat diegene op aarde in wie God ewige lewe ingestort het, die einde van hulle skeppingsdoel bereik, nl. om volledig God se mens (soos Jesus) te wees.

SWAARKRY BIED 'N WONDERLIKE GELEENTHEID

Enige seerkry, trauma, teleurstelling of verlies gedurende elke mens se hele leeftyd op aarde, moet binne hierdie konteks gesien word om enigsins sin te maak. Dit het dan die voordeel dat 'n mens elke situasie komende van die negatiewe pool van die lewe as 'n geleentheid benut om jou skeppingsdoel te bereik, eerder as wat jy jouself as slagoffer beleef van magte waaroor jy geen beheer het nie. Dan leer jy die gebroke pool van die lewe bestuur en inspan om vír jou te werk.

SWAARKRY IS BEDOEL OM IETS SPESIFIEK VÍR JOU TE BEWERK

Paulus meld dat die swaarkry van die lewe onder andere bedoel is om vír jou 'n groot gewig van heerlikheid te bewerk in die hemel en op die nuwe aarde (2 Kor 4:17, 18). Sonder jou uitgemete deel van swaarkry, wat jy dan leer om Bybels pro-aktief te hanteer, is jou heerliksheidserfenis eendag dus waarskynlik nie baie groot nie.

JOU OOG MOET REG LEER KYK

Jou oog moet dus leer om reg te kyk na die gebroke pool van die lewe (teenspoed, rampe, lyding, teleurstellings, verliese, "woestyn"-situasies). Indien jou oog verkeerd kyk, word dit donker binne-in jou (worsteling, gevriesde woede, angs, neerslagtigheid, ongelukkigheid, bitterheid, selfbejammering, ongesonde beskermingsmeganismes, ensovoorts). Indien jou oog egter reg kyk word dit lig binne-in jou (liefde, vrede, blydskap, selfbeheersing, ens.). Tydens die 8-dag "Reis in Menswees" terapeutiese afsondering leer jy hoe om jou oog reg te laat kyk na die gebroke pool van die lewe. Jy kry 'n effektiewe verwysingsraamwerk waarbinne jy seerkry-gebeure plaas en beoordeel met die oog daarop dat dit vír en nie téén jou werk nie.

DEEL VIR DIE GEHEEL

Geen gegewe gebroke situasie is geïsoleerd nie, maar verteenwoordig eintlik die totale gebroke pool van die lewe waaraan elke mens elke dag blootgestel is. Die deel-vir-die-geheel beginsel is hier van toepassing. So ook verteenwoordig elke kleiner stukkie genesing die volle genesing wat beleef sal word in die hemel en op die nuwe aarde.

IMPAKSGENESING HET FASES

Natuurlik soek 'n mens spontaan dadelik na impaksgenesing, dit is, om so gou as moontlik van die gevoelens en herinneringe van 'n gebroke/seerkry situasie ontslae te raak en weer gelukkig, heel, veilig en geseënd te voel. 'n Mens wil dit ook so gou doenlik liggaamlik belewe (geen hoofpyn, naarheid, swakheid, bewerigheid, trane, stywe spiere, slaaploosheid, ensovoorts, meer nie). Onmiddelike genesing geskied egter meestal in fases, afhangende van die skade wat tydens impak opgedoen is. Baie min genesing geskied momenteel op so 'n wyse dat dit onmiddelik-finaal afgehandel is. Menswees genesing het met herstel- en groeiprosesse in die vier verhoudings van elke mens se lewe te maak nl. die verhouding met God, met jouself, met ander mense en met dinge/natuur.

WONDE WAT SONDE WORD

Van kleins af ontwikkel jy geykte insigte en reaksiepatrone op die gebroke pool van die lewe. Daarom is dit belangrik dat 'n mens van kindsbeen af jou menswees wonde moet leer ken en versorg. Gedurende die 8-dag Reis in Menswees leer jy wat jou menswees wonde is wat jy geestelik-geneties geërf het en hoe om die penwortels daarvan uit te trek sodat dit nie jou gedrag onbewustelk bepaal nie. Jy leer om wonde wat van buite jou (ander mense, situasies) en van binne-in jou gekom het, te herken en te versorg op 'n manier wat nie alleen heling bring nie, maar waardeur jy die wins uit jou verlies haal. Jy herken watter wonde in jou lewe sonde geword het en waar daar net heling sal kom as jy praktiese gedragsaanpassings maak wat tot nuwe gewoonte-optrede lei.

Jy leer hoe om jouself te detraumatiseer sodat jou geheuestore nie onverwerkte, seerkry-sensitiewe inligting bly stoor nie. Jy leer ook hoe om onnodige verwondinge te voorkom. Jy leer hoe om nie vanuit onverwerkte verwonding en pyn op te tree nie, al beleef jy dit.

LEWENSLETSELS WORD GEWAARDEERDE "SCARS OF HONOUR"

Jy leer hoe om jou wonde te omskep tot bronne van genesing om andere te kan help. Dis die eintlike proses waardeur jy leer om jou oorhoofse roeping op aarde te vervul, nl. deur 'n mede-arbeider te word in die ryp oeslande van verwonde mense. Jou littekens wat jy tydens die duur van jou kort aardse lewensreis opgedoen het, word gewaardeerde "scars of honour", ter wille van Christus, want *"die voorreg is aan ons gegee om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly" (Fil 1:29).*

GENEESDE VERLEDE EN VRUGBARE TOEKOMS

Die post-Christendom, neo-modernisme en sekularisme in SA verlei toenemend selfs toegewyde Christene om God in sy goedheid en regverdigheid te bevraagteken wanneer lewensgebrokenheid toeslaan. Tydens die terapeutiese "Reis in Menswees" retreat leer jy egter hoe God moeilikhede en probleme aktief inspan om jou karakter te bou en, in die plek van jou verpletterde drome, Sý droom vir jou lewe waar te maak. Jy ondergaan prosesse wat mooi saamgevat word deur die Verlede en Toekoms Seisoene in Josef se lewe, soos die betekenis van sy twee seuns, Manasse en Efraim, se name dit vertel: *"God het my laat vergeet, al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het", en: "God het my vrugbaar gemaak in die land van my vernedering". (Gen 41:51, 52)*

DRIE NOODSAAKLIKE TERAPEUTIESE PROSESSE

Gedurende jou Volwasse Mensweesreis is jy deelnemend betrokke by drie noodsaaklike prosesse waarsonder geen volhoubare gedragsverandering kan plaasvind nie: blootlegging (dis 'n reinigingsproses), ontdekking (dis 'n verligtingsproses) en herstel (dis 'n proses van groter eenwording met God). Anders gestel kan die genesingsprosesse beskryf word as bewuswording, herkenning, aanvaarding, verwerking, agterlaat en die binnegaan van 'n nuwe, geneesde en sinvolle seisoen van lewe waarin die wins van die negatiewe pool van verlede-gebeure geïntegreer is.

WINS UIT WOESTYNSITUASIES

So leer jy om die golf van gebrokenheid te ry in plaas daarvan om daardeur oorweldig te word. Jy leer hoe om wins uit woestynsituasies te haal. Jy leer hoe om die stormsee van pyn te oorleef. Jy ontwikkel mensweesvaardighede wat van jou 'n sinvolle en seënende wounded healer maak. Jy ontwikkel volharding tot die einde toe en bestuur toenemend behendig die gebroke pool van die lewe sodat dit vír jou en nie téén jou werk nie. Dis iets wat jy nooit sou kon bereik sonder om die gebroke pool van die lewe aan jou lyf te voel nie.

SINVOLLE PELGRIMSTOG

Psalm 107 vertel die storie waarvan duisende Menswees-reisigers in verskillende lande die afgelope 22 jaar getuig, die storie van 'n sinvolle pelgrimstog deur die woestyne van gebrokenheid wat God verander het in 'n lewenslushof: *"Laat almal wat verstandig is hieroor nadink en laat hulle die Here se getroue liefde raaksien". (vers 43)*

www.volwassemenswees.org / info@volwassemenswees.org
028 316 1433 (t) / 0880283161433 (f)